HIERDIE OMSENDBRIEF IS BELANGRIK EN BENODIG U ONMIDDELLIKE AANDAG

Indien u enige twyfel het oor die optrede wat u met betrekking tot die inhoud van hierdie omsendbrief moet doen, raadpleeg asseblief u Sentrale Sekuriteitebewaarplek Deelnemer ("***SSD***"), aandelemakelaar, bankier, rekenmeester, prokureur of ander professionele adviseur onmiddellik. Volledige besonderhede van die aksie wat deur Senwesbel gewone aandeelhouers benodig word, word uiteengesit op bladsy 2 van hierdie omsendbrief.

Indien u al u Senwesbel-aandele verkoop of andersins op of voor 08:00 op 22 Augustus 2018 oorgedra het, stuur asseblief hierdie omsendbrief aan die koper of oordragnemer, of aan die bank, aandelemakelaar of ander agent deur wie die verkoop of oordrag plaasgevind het.

SENWESBEL BEPERK

ISISN: ZAEZ00000026
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Senwesbel** of die **Maatskappy**)

OMSENDBRIEF AAN SENWESBEL AANDEELHOUERS

(***Omsendbrief***)

met betrekking tot

DIE KEUSE OM 'N SKRIPDIVIDEND VAN AANDELE TE ONTVANG AS ALTERNATIEWE TOT DIE UITKERING AAN SENWESBEL AANDEELHOUERS VAN 'N KONTANTDIVIDEND

Datum van uitreiking: 24 Julie 2018

Aangestelde Adviseur
Senwes Beperk
EM Joynt
Per e-pos: Elmarie.joynt@senwes.co.za
Claudi.smit@senwes.co.za
Telefaks: 086 680 3124 of 018-464 2228

Oordragsekretaris
Senwes Beperk
Per e-pos:
Elmarie.joynt@senwes.co.za
Claudi.smit@senwes.co.za
Telefaks: 086 680 3124 of 018-464 2228

Afskrifte van hierdie omsendbrief (in Afrikaans of Engels) kan verkry word vanaf die Senwes webwerf, www.Senwes.co.za en van die geregistreerde kantoor van Senwesbel, geleë te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp 2570. Dit sal beskikbaar gestel word op 24 Julie 2018.

OPTREDE VERLANG DEUR SENWESBEL AANDEELHOUERS

Die volgende inligting het betrekking op al die Maatskappy se gewone aandeelhouers ("***Aandeelhouers***").

- Die direksie van die Maatskappy ("***Raad***") het 'n kontantdividend van 19 sent (negentien sent) per gewone Senwesbel-aandele ("***Kontantdividend"***) op die rekorddatum naamlik 8:00 op 22 Augustus 2018 ("***Rekorddatum"***) goedgekeur.

- Die Raad het verder besluit om aan aandeelhouers die keuse te bied om in plaas van die Kontantdividend 'n uitkering van nuwe, ten volle opbetaalde gewone Senwesbel-aandele ("***Aandele"***) te ontvang ("***Skripdividend"***). Die Skripdividend prys per Aandeel wat deur die Raad goedgekeur is, is R 5,00 (vyf rand) per Aandeel.

- Die reg op deelname aan die Skripdividend is onderhewig aan die bepalings soos vervat in hierdie Omsendbrief, wat onder andere insluit dat die reg om aan die Skripdividend deel te neem beperk word tot 50% van die Kontantdividend en 'n aandeelhouer kan slegs kies om ten volle aan die Skripdividend deel te neem en nie gedeeltelik nie.

- Die reg tot deelname is in verhouding tot 'n u aandeelhouding in Senwesbel op die Rekorddatum, op die basis dat vir elke 1s (een sent) Kontantdividend u kan kies om sodanige aantal Aandele te ontvang soos bepaal word deur die verhouding van 1s (een sent) Kontantdividend tot die Skripdividend-prys van R5,00 (vyf rand) per aandeel.

- Die reg op die Skripdividend is onderhewig aan bevestiging deur die aandeelhouers by die 2018 algemene jaarvergadering van die Maatskappy op 22 Augustus 2018 van die finale dividend, dividend nr. 35, van 19 sent per Aandeel vir die tydperk geëindig 30 April 2018.

- Aandeelhouers wat nie op die Skripdividend-aanbod reageer nie, sal die Kontantdividend in die normale gang ontvang en as u slegs die Kontantdividend wil ontvang is geen verdere optrede nodig nie.

- Indien u die Skripdividend wil ontvang, moet u die aangehegte keusevorm voltooi en inhandig by die Aangestelde Adviseurs (Senwes Beperk) gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per e-pos aan Elmarie.Joynt@senwes.co.za of Claudi.smit@senwes.co.za.

- U keuse om die Skripdividend te ontvang moet óf deur die Aangestelde Adviseurs (Senwes Beperk) ontvang word teen nie later nie as 08:00 op 22 Augustus 2018 óf elektronies uitgeoefen word teen nie later nie as 08:00 op 22 Augustus 2018. Enige vorm wat u keuse aandui wat na die tyd en datum ontvang word sal verwerp word.

- Indien u kies om die Skripdividend te ontvang in plaas van die Kontantdividend, sal daar nie van u verlang word om vir die Skripdividend-aandele waarop u in terme van u keuse geregtig word te betaal nie.

AANDEELHOUERS SE AANDAG WORD DAAROP GEVESTIG DAT INDIEN HULLE NIE REAGEER OP DIE INHOUD VAN HIERDIE OMSENDBRIEF NIE, HULLE GEAG SAL WORD OM TE GEKIES HET OM DIE KONTANTDIVIDEND TE ONTVANG.

BELANGRIKE DATUMS EN TYE

	2018
Aankondig van Kontantdividend/Skripdividend en belangrike datums op ZARX Publishing Service ("***ZAPS***")	**Woensdag 27 Junie**
Rekorddatum vir die bepaling van watter aandeelhouers die omsendbrief mag ontvang	**Maandag 23 Julie**
Pos van omsendbrief en keusevorm	**Dinsdag 24 Julie**
Laaste dag van verhandel om in aanmerking te kom om die kontantdividend of die skripdividend-alternatief te ontvang	**Dinsdag 21 Augustus**
Rekorddatum om skripdividend te kies in plaas van kontant-dividend. Keusevorms om die Oordragsekretarisse te bereik	**Dinsdag 22 Augustus om 08:00**
Rekorddatum ten opsigte van die Kontantdividend- en skrip-dividend-alternatief	**Dinsdag 22 Augustus om 8:00**
Aandele verhandel 'ex' die kontantdividend en skripdividend alternatief	**Dinsdag 22 Augustus na 8:00**
Kontantdividend betalings gemaak en SSD/makelaar rekeninge met Skripdividend gekrediteer/ opgedateer, soos van toepassing	**Vrydag 31 Augustus**
Aankondiging met betrekking tot die resultate van die kontant-dividend en die skripdividend-alternatief op ZAPS	**Vrydag 31 Augustus**
ZARX notering van die Skripdividend-aandele en aanpassing van die aantal uitgereik aandele om die Skripdividend te weerspieël	**Vrydag 31 Augustus**

Alle tye is plaaslike Suid-Afrikaanse tye. Bogenoemde datums en tye is onderhewig aan verandering. Enige verandering sal op ZAPS aangekondig word.

SENWESBEL BEPERK

ISISN: ZAEZ00000026

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Senwesbel** of die **Maatskappy**)

Direkteure:

AJ (*Dries*) KRUGER (*VOORSITTER*)[1]
NDP (*Nico*) LIEBENBERG (*ONDER VOORSITTER*)[1,2]
JDM (*Danie*) MINNAAR[1]
JJ (*Jaco*) MINNAAR[1]
WH (*Thabo*) van Zyl[1]
TF (*Tom*) VAN ROOYEN[1,2]

Alle direkteure is Suid-Afrikaanse burgers

1. Nie-uitvoerend
2. Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur

OMSENDBRIEF NA SENWESBEL AANDEELHOUERS

1. **INLEIDING**

1.1. Die besluit deur die raad van direkteure van die Maatskappy ("***Raad***") om 'n finale uitkering vir die twaalf maande geëindig 30 April 2018 uit behoue verdienste van 19 sent per gewone Senwesbel aandeel ("***Kontantdividend***") goed te keur en te verklaar, deur middel van die betaling van 'n kontantuitkering aan aandeelhouers van Senwesbel ("***Aandeelhouers***") wat op die rekorddatum, 08:00 op 22 Augustus 2018 geregistreer is ("***Rekorddatum***"), is op 26 Junie 2018 op ZAPS aangekondig en die finansiële resultate van Senwesbel vir die twaalf maande geëindig 30 April 2018 is op 28 Junie 2018 op ZAPS vrygestel.

1.2. Die Raad het ook op 27 Junie 2018 aangekondig dat Aandeelhouers wat op die Rekorddatum in die aandeleregister van die Maatskappy aangeteken is as 'n alternatief kan kies om 50% van die Kontantdividend as volopbetaalde gewone aandele in die aandelekapitaal van die Maatskappy ("***Aandele***") *pro rata* hul aandeelhouding in Senwesbel te ontvang ("***Skripdividend***"). Die Skripdividend sal egter slegs uitgekeer word aan die Aandeelhouers wat voor of op die Rekorddatum gekies het om die Skripdividend te ontvang.

1.3. Die reg op die Skripdividend is onderhewig aan bevestiging deur die Aandeelhouers by die 2018 algemene jaarvergadering van die Maatskappy op 22 Augustus 2018 van die finale dividend, dividend no. 35, van 19 (negentien) sent per Aandeel vir die tydperk geëindig 30 April 2018.

1.4. Aangesien die Aandele uitgereik ingevolge die Skripdividend eers na die Rekorddatum uitgereik word, sal aandele ontvang ingevolge die Skripdividend nie deelneem aan die Kontantdividend betaling op 31 Augustus 2018 nie. Die Aandele uitgereik ingevolge die Skripdividend sal egter na 31 Augustus 2018 in alle opsigte gelyk wees aan alle ander aandele in die Maatskappy en dieselfde reg tot uitkerings deur die Maatskappy geniet.

1.5. Die Skripdividend sal slegs uitgekeer word aan die Aandeelhouers wat voor die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) die keuse uitgeoefen het om die Skripdividend te ontvang deur die aangehegte keusevorm te voltooi en die vorm in te handig by die Aangestelde Adviseurs (Senwes Beperk) gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per e-pos aan Elmarie.Joynt@senwes.co.za of Claudi.smit@senwes.co.za.

1.6. Die bepalings van die Skripdividend word in paragraaf 3 hieronder verder uiteengesit.

1.7. **Aandeelhouers wat nie voor of op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) gekies het om nie die Skripdividend te ontvang nie, sal sonder enige verdere optrede aan hul kant die Kontantdividend op 31 Augustus 2018 ontvang.**

1.8. Senwesbel aanvaar geen verantwoordelikheid en sal nie aanspreeklik gehou word vir enige optrede van, of versuim deur, enige SSD, makelaar of ander agent van enige voordelige eienaar van Aandele om op hierdie omsendbrief te reageer of hul versuim om op te tree in ooreenstemming met enige instruksies wat deur 'n Aandeelhouer aan hulle uitgereik is nie.

1.9. Geen uitkering aan Aandeelhouers beoog in hierdie Omsendbrief sal rente dra teenoor die Maatskappy nie.

1.10. Verwysings in hierdie Omsendbrief tot die Kontantdividend betaalbaar aan of ontvangbaar deur Aandeelhouers verwys na die bedrag van sodanige kontantuitkering, na aftrekking van Dividende Weerhoudigsbelasting ("***DWB***"), indien enige, soos in meer besonderhede in paragraaf 3.4 hieronder uiteengesit.

2. RASIONAAL

Die Raad het, na oorweging van die huidige en voorspelde solvensie en likiditeit van die Maatskappy en onderhewig aan Aandeelhouersgoedkeuring tydens die 2018 algemene jaarvergadering, die betaling van die Kontantdividend van 19 sent per aandeel as 'n finale kontant uitkering vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2018 goedgekeur.

Die Direksie het verder besluit om die Aandeelhouers die geleentheid te bied om te kies om die Skripdividend te ontvang in plaas van 'n gedeelte van die Kontantdividend.

Die keuse deur Aandeelhouers om die Skripdividend te ontvang in plaas van 'n gedeelte van die Kontantdividend, sal Senwesbel toelaat om sy kapitaalbasis te vergroot, om laste te verminder en die volgehoue groei van sy belegging in Senwes te ondersteun, terwyl dit Aandeelhouers die geleentheid bied om hul aandeelhouding in Senwesbel te verhoog en, terselfdertyd buigsaamheid te bied aan Aandeelhouers wat kies om slegs die Kontantdividend te ontvang.

3. DIE TOEKENNING VAN DIE SKRIPDIVIDEND OF DIE KEUSE OM DIE KONTANTDIVIDEND TE ONTVANG

3.1. Kontantdividend en die Skripdividend Alternatief

3.1.1. Aandeelhouers sal geregtig wees om die Kontantdividend te ontvang ten opsigte van al hul aandeelhouding op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) mits 'n Aandeelhouers nie gekies het om die skripdividend soos aangedui in hierdie Omsendbrief te ontvang nie.

3.1.2. Aandeelhouers sal egter geregtig wees om te kies om, as alternatief vir die Kontantdividend, 'n distribusie van Aandele ("***Skripdividend***") op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) te ontvang.

3.1.3. Die reg op deelname aan die Skripdividend is beperk tot 50% van die reg op deelname aan die Kontantdividend en 'n Aandeelhouer mag net kies om ten volle deel te neem aan die Skripdividend en nie gedeeltelik nie.

3.1.4. Die aantal Aandele waarop 'n Aandeelhouer geregtig sal wees ingevolge die Skripdividend sal bepaal word met verwysing na sodanige Aandeelhouer se aandeelhouding in Senwesbel op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) op die basis dat in plaas van die Kontantdividend 'n Aandeelhouer mag kies om Aandele te ontvang soos bepaal in die verhouding wat 1s (een sent) van die Kontantdividend dra tot die Skripdividend-prys van R 5,00 (vyf rand) per Aandeel, met dien verstande dat: i) die reg op deelname

aan die Skripdividend beperk sal word tot 50% van die Kontantdividend, en ii) indien die toepassing van die verhouding lei tot 'n breukdeel van 'n Aandeel, die afrondings beginsels soos beskryf in paragraaf 3.2 hieronder toegepas sal word.

3.1.5. Voorbeeld van die Skripdividend-reg:

Hierdie voorbeeld neem aan dat 'n Aandeelhouer 100 Aandele op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) hou en kies om die Skripdividend te ontvang:

$$\left(\frac{100\ Aandele\ x\ 19\ sent]}{500\ sent}\right) \times 50\%$$

Dit sal daartoe lei dat 'n Aandeelhouer met 100 Aandele geregtig is om 'n Skripdividend van 1 aandeel te ontvang nadat die afrondingsbeginsels in paragraaf 3.2 hieronder uiteengesit toegepas is, met die balans wat in kontant as deel van die Kontantdividend betaal word.

3.1.6. Die Maatskappy se totale aantal uitgereikte Aandele op die datum van hierdie Omsendbrief is 113 692 315.

3.1.7. Die Kontantdividend en die Skripdividend sal uit die Maatskappy se verdeelbare behoue winste betaal word, terwyl die uitgifprys van die Skripdividend in kontant vereffen word uit die Maatskappy se verdeelbare behoue winste. Die Aandele uitgereik as gevolg van die Skripdividend sal in alle opsigte met die ander Aandele gelyk wees vanaf die datum van uitreiking, naamlik 31 Augustus 2018.

3.1.8. Indien alle Aandeelhouers kies om die Skripdividend te ontvang, sal 2 160 153 Skripdividend-aandele uitgereik word, gebaseer op die veronderstelde Skripdividend-verhouding in die bostaande voorbeeld (en ignoreer afronding vir breuke op 'n per Aandeelhouers basis), die reg tot deelname aan die Skripdividend beperk word tot 50% van die Kontantdividend en die totale uitgifprys van R 5,00 per Aandeel gekapitaliseer word uit die Maatskappy se verdeelbare behoue winste.

3.1.9. Indien geen Aandeelhouers verkies om die Skripdividend te ontvang nie, sal die maksimum bruto kontantdividend deur die Maatskappy betaalbaar op 31 Augustus 2018 R 21 601 539.85 beloop.

3.2. **Breukdele**

3.2.1. Verhandeling op ZAR X in die Strate-omgewing laat nie breuke en breukregte toe nie. Indien die toepassing van die verhouding waarna in paragraaf 3.1 verwys word, tot 'n breukdeel van 'n Aandeel lei, sal die aantal Aandele afgerond word na die naaste heelgetal, wat beteken dat slegs volle Aandele toegeken word in terme van die Skripdividend en enige breuk in kontant vereffen word ("***Kontantbetaling***").

3.2.2. Die Kontantbetaling sal dus die saldo van die Kontantdividend wees wat nie op die Skripdividend toegepas is nie.

3.2.3. Die Kontantbetaling sal op die distribusiedatum, op 31 Augustus 2018, vereffen word, na inagneming van enige DWB wat op die distribusie van toepassing is. Die DWB-behandeling van die kontantbetaling van 'n breukdeel sal dieselfde wees as wat van toepassing is op die Kontantdividend (sien paragraaf 3.4 hieronder vir 'n verduideliking van die belasting van toepassing op die Kontantdividend).

3.2.4. Voorbeeld van die reg tot 'n Kontantbetaling:

In hierdie voorbeeld word aanvaar dat 'n Aandeelhouer op die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) 100 Aandele besit en gekies het om die volle toesegging tot die Skripdividend te ontvang.

Gebaseer op die Skripdividend-aanbodprys van R 5,00 per Aandeel en die Kontantdividend van 19 sent per Aandeel en met inagneming dat die reg tot die Skripdividend beperk is tot 50% van die Kontantdividend, word die kontantbetaling soos volg bereken:

- Totale Kontant Uitbetaling van 19 sent op 100 Aandele het die verkiesing gehad om 'n Skrip te ontvang. Dividend wat nie uitgeoefen is nie, is R 19.00:

$$100\ Shares\ x\ 19\ cents = R19.00$$

- Toepassing van die Skripdividend formule soos vervat in paragraaf 3.1.4 volgens die voorbeeld in paragraaf 3.1.5:

$$\left(\frac{100\ Shares\ x\ 19\ cents]}{500\ cents}\right) \times 50\%$$

lei tot 'n Skripdividend van 1 Aandeel teen 'n totale uitgifprys van R 5,00 per Aandeel.

- Gevolglik sal 'n Aandeelhouer met 100 Aandele wat kies om die Skripdividend te ontvang, geregtig wees om 1 Skripdividend Aandele en 'n Kontantbetaling van R 14,00 voor DWB te ontvang, in die mate wat DWB van toepassing is.

3.3. **"Nominee" maatskappye**

Die Oordragsekretarisse is opdrag gegee om aansoeke van "nominee" maatskappye as afsonderlike aansoeke te behandel met die indiening van 'n uiteensetting van die voordelige eienaars van Aandele wat geregistreer is in die naam van die "nominee" maatskappy.

3.4. **Belastingimplikasies**

3.4.1. Enige uitkering deur 'n maatskappy, of die betaling van 'n kontantdividend of 'n Skripdividend het belastingimplikasies, ongeag of die Aandeelhouer 'n Suid-Afrikaanse inwoner of 'n nie-inwoner is. Aandeelhouers word dus aangeraai om hul professionele belastingadviseurs te raadpleeg aangaande die belastingimplikasies en effek van enige keuse wat hulle uitgeoefen het tussen die ontvangs van die Skripdividend of die Kontantdividend.

3.4.2. Die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962 (Inkomstebelastingwet) bepaal dat 'n Kontantdividend, tensy 'n Aandeelhouer vrygestel is, onderworpe sal wees aan Dividend Weerhoudingsbelasting ("***DWB***"). In die geval van 'n inwoner van Suid-Afrika wat nie vrygestel is nie, is die DWB-koers 20% (twintig persent) van die kontantdividend. Gevolglik sal die bedrag wat teruggehou word van die Kontantdividend van 19 sent per aandeel, daartoe lei dat 'n netto bedrag van 15,2 sent per aandeel ontvang word. Aandeelhouers wat 'nie-Suid-Afrika inwoners' is kan onderhewig wees aan DWB teen 'n koers van minder as 20%, afhangende van hul land van verblyf en die toepassing van enige Dubbelbelastingooreenkoms tussen Suid-Afrika en hul land van verblyf.

3.4.3. Die Skripdividend is nie onderworpe aan DWB nie, maar die daaropvolgende vervreemding van Aandele verkry as gevolg van die Skripdividend sal waarskynlik óf Inkomstebelasting óf Kapitaalwinsbelasting ("***KWB***") implikasies hê. Waar enige toekomstige vervreemding van Aandele verkry as gevolg van die Skripdividend binne die KWB-regime val, word die basiskoste van sodanige Aandele geag nul te wees ingevolge die Inkomstebelastingwet (of die waarde waarteen sodanige Aandele ingesluit sal word by die bepaling van die geweegde gemiddelde basiskoste metode sal nul wees).

3.4.4. Senwesbel se Inkomstebelasting verwysingsnommer is 9418001617.

4. BUITELANDSE AANDEELHOUERS

4.1. Die verspreiding van hierdie Omsendbrief en die reg om die Skripdividend-aandele in ander jurisdiksies as die Republiek van Suid-Afrika te ontvang, kan deur die wet beperk word en enige versuim om te voldoen aan die beperkings kan 'n oortreding van die sekuriteitswette van sodanige jurisdiksies uitmaak. Gevolglik sal Aandeelhouers in sodanige jurisdiksies nie geregtig wees om die Skripdividend-aandele direk of indirek te ontvang nie en sal geag word nie die Skripdividend-alternatief te gekies het nie.

4.2. Sodanige 'nie-inwoner' Aandeelhouers moet hulself inlig oor en die toepaslike wetlike vereistes in sodanige jurisdiksies. Dit is die verantwoordelikheid van nie-inwonende Aandeelhouers om hulself te bevredig met betrekking tot die volle nakoming van die wette en regulatoriese vereistes van die betrokke jurisdiksies ten opsigte van die Skripdividend, insluitend die verkryging van enige owerheids-, valutabeheer of ander toestemmings of die onderneem van enige indiening wat gedoen moet word, nakoming van ander nodige formaliteite en betaling van enige uitreiking, oordrag of ander belasting of ander vereiste betalings wat in sodanige jurisdiksies betaalbaar is. Aandeelhouers wat twyfel oor hul posisie, insluitende, sonder beperking, hul belastingstatus, moet onverwyld 'n gepaste adviseur in die betrokke jurisdiksies raadpleeg.

5. PROSEDURE OM DIE KEUSE UIT TE OEFEN OM DIE SKRIPDIVIDEND ALTERNATIEF TE ONTVANG

5.1. Deelname aan die Skripdividend

Aandeelhouers wat nie die Skripdividend wil ontvang nie, hoef nie enige verdere stappe te neem nie en sal die Kontantdividend ontvang.

Aandeelhouers wat die Skripdividend wil ontvang, moet die keuse maak voor of op die Rekorddatum (08 Augustus 2018) met dien verstande dat 'n Aandeelhouer slegs mag kies om ten volle deel te neem aan die Skrip Dividend en nie gedeeltelik nie.

Aandeelhouers wat gekies het om die Skripdividend te ontvang, moet daarop let dat die verkiesing onherroeplik is en sodra die keuse vir die Skripdividend ontvang is, nie gekanselleer kan word nie.

5.2. Prosedure vir Aandeelhouers wat die Skripdividend wil ontvang

Aandeelhouers wat die Skripdividend wil ontvang, moet voor die Rekorddatum (08:00 op 22 Augustus 2018) die aangehegte keusevorm voltooi en inhandig by die Aangestelde Adviseurs (Senwes Beperk) gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per e-pos aan Elmarie.Joynt@senwes.co.za of Claudi.smit@senwes.co.za, anders sal hulle die Kontantdividend ontvang.

Die Aandeelhouers se SSD/makelaar-rekeninge sal op 31 Augustus 2018 gekrediteer en opgedateer word dienooreenkomstig hul keuse.

6. BETALING VAN KONTANTDIVIDEND, UITREIK VAN AANDELE EN OPDATERING/ KREDITERING VAN SSD/ MAKELAAR-REKENINGE

6.1. Kontantbetalings

Die Kontantdividend sal, na verrekening van die Skripdividend en/of enige DWB (indien van toepassing), by wyse van elektronies fonds oordrag na die SSD/makelaar-rekeninge gemaak word op 31 Augustus 2018.

6.2. Skripdividend

Aandeelhouers se SSD/makelaar-rekeninge sal op 31 Augustus 2018 opgedateer word met die Aandele uitgereik ingevolge die Skripdividend.

7. **NOTERING VAN NUWE AANDELE**

7.1. Aansoek is gedoen by ZAR X om die maksimum moontlike aantal Skripdividend-aandele wat ingevolge die Skripdividend uitgereik kan word te noteer met aanvang van besigheid op 31 Augustus 2018. 'n Aanpassing van die totale aantal genoteerde Aandele sal op of ongeveer 8:00 op 31 Augustus 2018 gemaak word ooreenkomstig die werklike aantal Aandele wat ingevolge die Skripdividend uitgereik is.

7.2. Die reg om nuwe Aandele te ontvang in terme van die Skripdividend is nie afwysbaar nie en mag nie op die ZAR X verhandel word nie.

8. **VALUTA BEHEER REGULASIES**

8.1. Enige Aandele uitgereik aan emigrant Aandeelhouers uit die Algemene Monetêre Gebied sal gekrediteer word op hul geblokkeerde aandele rekeninge by die SSD wat hul geblokkeerde portefeuljes beheer. Enige Aandele uitgereik aan 'n nie-inwoner van die Algemene Monetêre Gebied sal op sodanige nie-inwoners se SSD- of makelaar-rekening gekrediteer word en 'n "nie-inwoner" -notasie sal in die SSD- of makelaar-register verskyn.

8.2. Enige Kontantdividend betalings wat uit die Maatskappy se uitkeerbare winste aan nie-inwoners en emigrant-Aandeelhouers uit die Algemene Monetêre Gebied betaal word, is vrylik oordraagbaar en sal aan die SSD of makelaar wat hul portefeuljes beheer, gekrediteer word.

9. **TOESTEMMING DEUR DESKUNDIGES**

9.1. Die Aangestelde Adviseurs en Oordragsekretarisse het almal skriftelik ingestem om op te tree in die vermelde kapasiteit en tot die insluiting van hul name in hierdie Omsendbrief, en het nie hul toestemming voor die publikasie van hierdie Omsendbrief teruggetrek nie.

9.2. Hierdie omsendbrief is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Afskrifte van hierdie Omsendbrief kan verkry word by die geregistreerde kantoor van Senwesbel.

9.3. Hierdie omsendbrief is namens die direkteure op 23 Julie 2018 onderteken.

Vir en namens die direksie

AE Scholtz
MAATSKAPPYSEKRETARIS

SENWESBEL BEPERK
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2570

SENWESBEL BEPERK

ISISN: ZAEZ00000026
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Senwesbel** of die **Maatskappy**)

SKRIPDIVIDEND KEUSEVORM

Die definisies en interpretasies in die Omsendbrief is, *mutatis mutandis*, ten opsigte van hierdie afdeling van toepassing.

Belangrik:

1. Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Skripdividend te ontvang moet die volgende gedeeltes van hierdie dokument voltooi:

   1.1 **GEDEELTE A**

   1.2 **GEDEELTE B**

2. Die besonderhede van die bepalings van die Skripdividend aanbod is vervat in die omsendbrief waarby hierdie keusevorm aangeheg is en word geag hierby ingesluit te wees deur verwysing asof hierin herhaal is.

3. Lees asseblief die aanwysings op die volgende bladsy. Versuim om die instruksies te volg mag veroorsaak dat hierdie dokument verwerp word en dat geag word dat u nie die aanbod aanvaar het nie.

4. Indien u enige twyfel het oor hoe om die dokument te voltooi, raadpleeg onmiddellik u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ouditeur of ander professionele adviseur.

5. Keusevorms sal verwerp word indien hulle nie ontvang word deur die Aangestelde Adviseur (Senwes) by die ondervermelde adres voor of op die Rekorddatum (08h00 op 22 Augustus 2018) nie.

6. 'n Behoorlik voltooide keusevorm of elektronies keuse word verlang vir elke aandeelhouer wat wil deelneem aan die Skripdividend.

Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Skripdividend te ontvang <u>moet</u> volledig voltooide keusevorm:

1. **per hand indien by of gepos word aan die Aangestelde Adviseur; of**

2. **per e-pos ingedien word by die Aangestelde Adviseur by Elmarie.Joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za,**

ten einde dat die keusevorm die Aangestelde Adviseur nie later as <u>08:00 op 22 Augustus 2018</u> bereik nie; <u>of</u>

Die adres vir Aangestelde Adviseur van die Maatskappy (Senwes) is:

Straatadres: Charel de Klerkstraat 1, KLERKSDORP, 2571

Posadres: Posbus 31, KLERKSDORP, 2570)

GEDEELTE A: BESONDERHEDE VAN DIE SENWESBEL AANDEELHOUER WAT DIE KEUSE UITOEFEN OM DIE SKRIPDIVIDEND AANBOD TE AANVAAR

Volle name van die Senwesbel aandeelhouer:

_____

Posadres: _____

_____

_____

ID / Registrasienommer: _____

Telefoon nr: _____ **Selfoon nr:** _____

E-pos: _____

Klantnommer: _____ **Aandeelhouersnommer:** _____

GEDEELTE B: AANVAARDING VAN DIE SKRIPDIVIDEND AANBOD

Dui u aanvaarding aan deur in blokkie te merk en die vorm te onderteken:

AANVAARDING: Ek/Ons – • aanvaar die Skripdividend aanbod op die bepalings soos uiteengesit in die Omsendbrief; • bevestig dat die keusevorm net is ten opsigte van gewone aandele in die Maatskappy wat in my/ons se naam geregistreer is en waarvan ek/ons die geregistreerde eienaars is op 22 Augustus 2018 om 8:00; en • bevestig dat ek/ons slegs geregtig is om 50% van die Kontantdividend van 19 sent per Aandeel as 'n skripdividend te ontvang teen die uitreikingsprys van R5,00 per Aandeel soos bereken ingevolge die formule vervat in die Omsendbrief en nadat die afrondingsbeginsel soos beskryf in die Omsendbrief toegepas is.	

Geteken te _____ op _____ 2018

_____ _____

Handtekening Handtekening

_____

Bygestaan deur (waar van toepassing)

Faks asb.: ***086 680 3124*** *of* E-pos: **claudi.smit@senwes.co.za**